

**Deur Ons  
Omgewingsverslaggewer**

**WAARSKYNLIK** die laaste klein kommando spesiaal opgeleide kattejagters wat gaan probeer om die ongewenste katbevolking op Marion-eiland 'n finale nekslag toe te dien, het gister op Suid-Afrika se poolskip, die SA Agulhas, uit die Tafelbaaise hawe na die eiland vertrek.

Sedert die eerste katteskietspan in 1986 na Marion-eiland is, is duisende katte van kant gemaak. Na raming is daar nog sowat vyftig katte op die eiland, en die tien katteskieters wat nou op pad na die eiland is, gaan probeer om dié oorblywende vyftig van kant te maak.

Die katte bedreig die besondere voëllewe op die eiland deurdat hulle die voëls en hul kuikens snags bekruipe en vang. Vergeefse

# Jagters van eiland se laaste katte vertrek

pogings sedert 1974 om van die katte ontslae te raak het die Departement van Omgewingsake na die roer laat gryp.

Dit het alles begin toe vyf huiskatte in 1949 na die eiland gebring is om 'n muisplaag daar te beheer. Die katte het mettertyd wild geraak en vinnig aangeteel. Namate die muise min geraak het, het die katte hulle tot die voëls gewend om hul eetlus te stil.

Die hulp van "skietkommando's" is ingeroep toe dit duidelik geword het dat die katte besig was om die ekosisteem van die eiland te ontwrig.

Die skietprojek is onder leiding van dr. Marthan Bester van die Universiteit van Pretoria.

"Dit is die laaste jaar dat ons gaan probeer om die laaste katte van kant te maak, en ons glo ons sal dit regkry. Omdat die katbevolking met die skietery aansienlik afgeneem het, hou die kattans nie meer so 'n groot bedreiging vir die voëllewe in nie, maar as daar een wyfie oorbly, sal ons kort voor lank weer met dieselfde probleem opgeskeep sit.

As al die katte nie nou van kant gemaak word nie, sal die Departement die hele saak weer in oënskou neem. Die span jagters wat tans op die eiland is, keer op die SA Agulhas na Suid-Afrika terug.



**WAARSKYNLIK** Marion-eiland se laaste span katjagters het gister op die SA Agulhas uit die Tafelbaaise hawe vertrek. Hier is hulle op die skip se heli-dek. In die middel voor is dr. Marthan Bester, hoof van die katjag-projek.

Foto: Stuart Ralph